**Mediaverklaring**
**Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)**
**25 Februarie 2019**

**SA beleggers, anders as hul internasionale eweknieë, skugter vir aandele in 2019**

Die plaaslike kollektiewe beleggingskema (KBS)-bedryf het 'n stewige netto invloei van R123.2 miljard vir 2019 gerapporteer. Dít ten spyte van 'n kwartaallikse netto uitvloei in die vierde kwaltaal – 'n seldsame gebeurtenis.

Luidens statistieke vir die kwartaal en jaar geëindig Desember 2019 wat vandag deur die Vereniging vir Spaar en Belegging (ASISA) bekend gemaak is, het die plaaslike KBS-bedryf R2 500 miljard se bates onder bestuur gehou wat oor 1 610 portefeuljes versprei is.

Net minder as die helfte van dié bates is in Suid-Afrikaanse (SA) multibateportefeuljes gehou (49%), met die res wat in SA rentedraende portefeuljes (30%), SA aandeleportefeuljes (18%) en SA eiendomsportefeuljes (3%) gehou is.

Sunette Mulder, senior beleidsadviseur by ASISA, sê die plaaslike portefeuljeverdeling demonstreer dat Suid-Afrikaanse beleggers baie meer risikosku as hul internasionale eweknieë is.

"Terwyl ongeveer 44% van alle internasionale KBS-bates in aandeleportefeuljes belê is, het Suid-Afrikaanse beleggers multibateportefeuljes verkies. Dié portefeuljes is ontwerp om diversifisering oor bateklasse heen binne 'n enkele portefeulje te bied met die doel om die hoogte- en laagtepunte van die markte te absorbeer. Net 12% van internasionale KBS-bates is in multibateportefeuljes belê."

**Vloeipatroon in 2019**

Mulder beskryf 2019 se netto kwartaallikse vloeipatroon as 'n wipwaentjierit. "In die eerste kwartaal is 'n buitengewoon hoë netto invloei van R53 miljard aangeteken. In die tweede kwartaal is net R25 miljard in netto invloeie ontvang. In die derde kwartaal het die netto invloei tot R48 miljard gestyg, en in die vierde kwartaal het die bedryf 'n verrassende netto uitvloei van R3 miljard gerapporteer."

Mulder sê 'n indiepte-ontleding van die bedryf se vloeistatistieke toon dat die Suid-Afrikaanse rentedraende geldmarkportefeuljes die grootste netto uitvloei aangeteken het met 'n verlies van altesaam R15.8 miljard in die vierde kwartaal van 2019.

"Geldmarkportefeuljes word dikwels deur institusionele beleggers gebruik om groot bedrae geld te parkeer totdat 'n beleggingsgeleentheid opduik. Daarom vermoed ons die uitvloei van fondse was die gevolg van institutionele beleggers wat koopgeleenthede benut het wat in die vierde kwartaal opgeduik het, veral ná die rentekoersverlaging in Julie 2019."

**Beleggersvoorkeure in 2019**

Volgens Mulder het SA multibate-inkomsteportefeuljes die grootste netto invloeie in 2019 gelok. Beleggers het R70.5 miljard gekanaliseer na dié portefeuljes wat oor die spektrum bateklasse belê met die doel om maksimum inkomste te ontsluit. SA multibate-inkomsteportefeuljes mag 'n effektiewe aandeleblootstelling van nie meer nie as 10% van die markwaarde van die portefeulje hê en 'n effektiewe eiendomsblootstelling van nie meer as 25% nie.

Portefeuljes in die drie SA rentedraende kategorieë – veranderlike-termyn (netto jaarlikse invloei van R11.5 miljard), korttermyn (R51 miljard) en geldmark (R18 miljard) – was ook gewild onder plaaslike beleggers. Rentedraende portefeuljes belê uitsluitlik in effekte, geldmarkbeleggings en ander rentedraende sekuriteite.

Mulder meld dat beleggers verlede jaar nie 'n aptyt vir aandele gehad het nie met die gevolg dat die SA algemene aandelesektor in 2019 'n netto uitvloei van R13.5 miljard ondervind het. Portefeuljes in die SA multibate lae aandele- en medium aandele-kategorieë het ook netto uitvloeie van onderskeidelik R14.8 miljard en R3.6 miljard aangeteken, terwyl SA multibate hoë aandele 'n geringe netto invloei van slegs R2.1 miljard gerapporteer het.

Mulder sê ofskoon beleggers aandele vermy en die vermeende veiligheid van inkomste- en rentedraende portefeuljes opgesoek het, het portefeuljes met 'n hoë aandeleblootstelling oor tydperke van een, 10 en 20 jaar tot einde Desember 2019 oor die algemeen die beste gevaar (netto van fooie). Rentedraende portefeuljes het aandeleportefueljes oor die algemeen slegs oor die vyfjaartydperk tot einde Desember 2019 geklop.

**Vergelyking van prestasie volgens sektor**

| | **1 jaar tot 31 Des 2019** | **5 jaar tot 31 Des 2019** | **10 jaar tot 31 Des 2019** | **20 jaar tpt 31 Des 2019** |
|---|---|---|---|---|
| **SA Aandele Algemeen** | 8.6% | 3.6% | 8.8% | 13.0% |
| **SA Multibate Hoë Aandele** | 9.3% | 5.0% | 8.9% | 12.2% |
| **SA Multibate Lae Aandele** | 8.3% | 5.9% | 8.0% | 8.4% |
| **SA Multibate Inkomste** | 8.1% | 7.6% | 7.3% | 9.5% |
| **SA Rentedraend Korttermyn** | 8.3% | 8.1% | 7.2% | 8.8% |
| **SA Geldmark** | 7.3% | 7.3% | 6.3% | 8.0% |
| **Inflasie** | 3.6% | 4.9% | 5.1% | 5.5% |

*Bron: Profile Media*

**Waar het die invloeie vandaan gekom?**

Mulder sê 27% van die invloei in die KBS-bedryf in die 12 maande tot einde Desember 2019 het regstreeks van beleggers gekom – dit is 2% minder as in 2018. "Dit beteken egter nie dié beleggers het sonder advies opgetree nie. Talle regstreekse beleggers betaal vir advies en implementeer dan self die portefeulje waarop hulle besluit het."

Tussengangers het 35% van die nuwe invloeie bygedra vergeleke met 32% in 2018. Diensverskaffers van gekoppelde beleggings (Lisps) het 21% van verkope voortgebring (21% in 2018), terwyl 17% (18% in 2018) van institusionele beleggers soos pensioen- en voorsorgfondse ontvang is.

**Buitelandse fokus**

Plaaslik geregistreerde buitelandse portefeuljes het einde Desember 2019 bates onder bestuur ter waarde van R495 miljard gehad. Dié buitelandse portefeuljes het netto uitvloeie van R6.6 miljard oor die 12 maande tot einde 2019 aangeteken.

Buitelandsevaluta-effektetrustportefeuljes is gedenomineer in geldeenhede soos die dollar, pond, euro en jen en word deur buitelandse effektetrustmaatskappye aangebied. Hierdie portefeuljes kan aktief aan Suid-Afrikaanse beleggers bemark word net as hulle by die Gedragsowerheid vir die Finansiële Sektor (FSCA) geregistreer is. Plaaslike beleggers wat in hierdie portefeuljes wil belê, moet aan die Reserwebank se regulasies voldoen en sal hul toegelate buitelandse kapitaal gebruik.

Daar is tans 498 portefeuljes wat in buitelandse geldeenhede gedenomineer is in Suid-Afrika te koop.

**Einde**

**Vir die reël van onderhoude, kontak asseblief:**
Lucienne Fild
Onafhanklike Kommunikasiekonsultant
082 567 1533
lucienne@fild.co

**Uitgereik namens:**
Sunette Mulder
Senior Beleidsadviseur
Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)

*ASISA verteenwoordig die meerderheid van Suid-Afrika se batebestuurders, bestuursmaatskappye van kollektiewe beleggingskemas, diensverskaffers van gekoppelde beleggings, multibestuurders en lewensversekeringsmaatskappye.*